

HOE OM JOU HUIS TE PLEISTER



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR





WAT IS PLEISTER?

- Pleister is 'n mengsel van sement en sand wat op mure van betonblokke en bakstene aangebring word.
- Dit is belangrik om mure te pleister, omdat dit die reënwater uit die betonblokke en bakstene hou en jou mure só beskerm.
- Dit is nie maklik om te pleister nie, en dit is maar die beste as 'n opgeleide persoon dit doen. As jy fiks is, die regte gereedskap het en die raad en instruksies mooi volg, kan jy leer om dit self te doen.


WAT HET JY NODIG?

MATERIAAL

- Portland-sement (met die SABS-merk)
- Skoon pleistersand (wat deur 'n sif met 3mm ogies gaan)
- Skoon water
- Kalk

GEREEDSKAP EN TOERUSTING

- 'n Beitel
- 'n Groot teerkwas (block brush)
- Groot sponse
- 'n Sif (met 2-3mm ogies)
- 'n Kruwa
- 20-liter-emmers (dromme)
- Grawe
- 'n Troffel (trowel)
- Planke om die pleister op te pak naby die werkarea
- 'n Pleisterbord (pleisterplank)
- 'n Reihout (straight edge)
- 'n Waterpas
- 'n Hout-skepboard of -vryfplank (float)
- 'n Staal-skepboard of -vryfplank (float)



HOE OM DIE MUUR GEREED TE KRY

- Verwyder alle stof, vuiligheid, sand, gruis en oliërigheid van die muur om seker te maak dat die pleister goed vassit.
- Op die dag voor jy pleister moet jy die muur eweredig nat maak (met 'n tuinslang of met die teerkwas / block brush), sodat die muur nie te vinnig die vogtigheid van die pleister absorbeer nie. Die muur moet droog wees wanneer jy die pleister aanbring.
- As die muur baie glad is of reeds geverf is, maak "vashouplek" vir die pleister om aan vas te klou. Kap duike in die muur met 'n beitel, of bring 'n laag grofspatpleister ("spatterdash") aan ('n growwe, klonterige laag pleister). Die laag word gemeng deur 'n dik sement-en-sand-pap aan te maak (een emmer sement gemeng met twee emmers sand en een emmer water).
Bring die grofspatpleister (spatterdash) met 'n teerkwas (block brush) aan.

DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

WENKE:

- Te veel water of sand in die mengsel maak die pleister swak. Gebruik liever te min as te veel.
- Maak net klein hoeveelhede aan wat jy binne 'n uur kan gebruik.
- Sit 'n deksel of ander bedekking oor die pleister terwyl jy werk sodat dit nie uitdroog en sy krag verloor nie.
- Laat die pleister behoorlik "ryp" word (verhard).

- **KRY DIE OPPERVLAK VAN DIE MUUR GEREED VOORDAT JY DIE PLEISTER AANWEND.**
- **GEBRUIK SAND EN SEMENT VAN 'N GOEIE KWALITEIT, EN MENG DIT GOED MET WATER IN DIE REGTE VERHOUDING.**
- **MOET NOOIT TE VEEL WATER GEBRUIK NIE. HOU DIE PLEISTER KLAM OM DIT KANS TE GEE OM GOED "RYP" TE WORD (HARD WORD).**




HOE OM PLEISTER AAN TE MAAK

- Sif die sand om alle klippies en klonte te verwyder. Meet die hoeveelheid sand af wat jy nodig het en gooi dit uit op 'n skoon, harde oppervlak. Versprei dit in 'n laag wat sowat 100 mm dik is. Meet nou die sement af en gooi dit bo-op die sand.


Meng die droë sand en sement totdat die mengsel 'n egalige grys kleur het. Hou aan meng terwyl jy skoon water byvoeg totdat die mengsel 'n egalige grys pasta is.

- Pleister vir buitemuurse gebruik moet sterker wees as vir gebruik binne die huis.
- Meng 1 emmer sement met 5 emmers sand (1:5) en 1 emmer water vir elke 10 vierkante meter buitemuur wat jy wil pleister.
- Vir gebruik binne die huis kan jy een emmer sement meng met sewe emmers sand en een emmer water (1:7).
- Die pleister moet nooit loperig wees nie. Dit moet aan die klam muur kan vassit.
- Voeg kalk by die pleister as jy dit kan bekostig. Dit maak dit makliker om met die pleister te werk.


BUITEMUURSE PLEISTER



BINNENSHUISE PLEISTER



HOE OM DIE PLEISTER AAN TE BRING



- Pleister word gewoonlik op mure aangebring in 'n lagie wat 10 tot 15mm dik is.
- Bedek elke keer net 'n klein gedeelte van die muur met pleister. 'n Muur moet binne een dag klaar gepleister word.
- Plaas 'n hoeveelheid aangemaakte pleister op die pleisterbord (pleisterplank), skep dan 'n troffel vol pleister van die pleisterplank teen die muur in 'n egalige opwaartse beweging.
- Oefen altyd gelykmatige druk uit op die troffel.
- Maak die pleisteroppervlak gelyk deur 'n reihout van hout (wooden straight edge) heen en weer oor die grof-gepleisterde area te trek.
- Gebruik 'n teerkwas om water teen die gelyk-gevryfde pleister te spoei, en gebruik 'n vryfplank van hout en 'n spons om dit verder glad af te werk. Binnenshuis kan jy ook die staal-vryfplank gebruik om nog 'n gladder afwerking te verkry.
- Moenie te lank met die pleister werk nie, want dit sal die water na die oppervlakte trek en barste veroorsaak as dit uitdroog.
- Moenie dieselfde gepleisterde area op 'n muur langer as 10 of 15 minute met 'n vryfplank gladvee nie.
- As jy op 'n ongelyke oppervlak 'n gelyke pleisterafwerking wil bereik, moet jy dik pleister in twee lae aanbring. Krap die eerste laag met die troffel om 'n "vashouplek" vir die bolaag te skep.
- Bring die twee laag aan terwyl die eerste laag nog 'n bietjie klam is.
- Jy kan die voorkoms van 'n growwe tekstuur met die teerkwas skep of met 'n grofspat-afwerking (spatterdash finish).

HOE OM DIE PLEISTER TE LAAT "RYP" WORD



- Maak seker dat die pleister nie te vinnig droog word nie, omdat dit barste kan veroorsaak. Hierdie stadige uitdroog-proses word "rypword" genoem.
- Skerp sonlig en sterk wind laat die pleister te vinnig uitdroog. Dit sal die pleister swak maak en dit maklik laat bars.
- Dit is belangrik om die pleister liggies met water te besprinkel en dit vir omtrent drie dae 'n bietjie klam te hou sodat dit behoorlik kan "ryp word".
- As jy kan moet jy die pleister met plastiek of met klam sakke bedek om dit lank genoeg klam te hou.
- Die pleister moet behoorlik "ryp" en droog wees voordat jy dit begin verf.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou huis te verf
- Hoe om barste en klamheid in jou huis te voorkom



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD